

09 Iran



“Ek is die vrug van gebed. Ek het die gebede van ander gevoel gedurende my tyd in die tronk. Die belangrikste ding wat jy kan doen, is om te bid.” – Motjaba van Iran

Streek Midde-Ooste

Christen bevolking Minder as 1%

Meerderheidsgeloof Islam

Bronne van vervolging Islamitiese onderdrukking
Diktatoriale paranoia

Geweld  62%

Druk  89%

Punte  85%

Oor Iran

Christenskap word as 'n Westerse invloed en 'n bedreiging vir die Islamitiese Republiek van Iran gesien. Alle etniese Perse word as Moslems beskou. Hier word Christene verbied om hul geloof met nie-Christene te deel. Bekeerlinge van Islam ervaar vervolging van die regering. Baie Christene moet noodgedwonge uit die land vlug weens die wrede beperkings op hul kerkelewe en ander aspekte van hul geloof.



Bid dat God die harte van diegene in die regering en in magposisies sal aanraak sodat hulle meer godsdiensvryheid sal toelaat.

Ons Werk

Geopende Deure ondersteun die Kerk in die Persiessprekende Wêreld deur voorspraak, Bybels en Christelike literatuur, dissipelskap, trauma-opleiding, en Christelike multimedia-inisiatiewe vir die streek.

